

'n Kritiese beskouing van die Accra-verklaring

A critical analysis of the Covenanting for Justice in the Economy and the Earth (Accra declaration)

JANNIE ROSSOUW

Suid-Afrikaanse Reserwebank & Gordon Institute of Business Science (GIBS),

Universiteit van Pretoria¹

Jannie.Rossouw@resbank.co.za



Jannie Rossouw

JANNIE ROSSOUW het aan die Universiteit van Pretoria studeer en die MCom (Ekon)- en MBA-grade verwerf. Hy is sedert 1986 aan die Suid-Afrikaanse Reserwebank verbonde en is tans 'n Adjunkhoofbestuurder van die Bank. Voor sy loopbaan by die sentrale bank was hy vir meer as twee jaar die Ekoonoom van die Afrikaanse Handelsinstituut en vir byna vier jaar 'n lektor in die Departement Ekonomie aan die Universiteit van Suid-Afrika. Hy is reeds vir meer as 20 jaar 'n deeltydse dosent aan die Universiteit van Pretoria. Sy navorsingvelde is die geloofwaardigheid van inflasiesyfers, makro-ekonomiese konvergensie in die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap en sentrale bank-kommunikasie. Hy het verskeie wetenskaplike artikels gepubliseer en plaaslike en internasionale konferensies oor hierdie onderwerpe toegespreek.

JANNIE ROSSOUW obtained the MCom (Econ) and MBA degrees at the University of Pretoria. He joined the South African Reserve Bank in 1986 and is currently a Deputy General Manager of the Bank. Prior to his career at the central bank he served for more than two years as Economist of the *Afrikaanse Handelsinstituut* and for nearly four years as a lecturer in the Economics Department of the University of South Africa. His association with the University of Pretoria as a part-time lecturer spans a period of more than 20 years. His fields of interest are the credibility of inflation figures, macro-economic convergence in the Southern African Development Community and central bank communication. He has published numerous academic papers and addressed local and international conferences on these interests.

SUMMARY

A critical analysis of the Covenanting for Justice in the Economy and the Earth (Accra declaration)

This paper considers certain economic implications of the Covenanting for Justice in the Economy and the Earth of the World Alliance of Reformed Churches (WARC) [See appendix]. The WARC, an alliance of 218 reformed churches from 107 countries, adopted the declaration during its conference in Accra in September 2004. The WARC regards the declaration as a call on the rich, developed world to share the fruits of economic progress more equally with poor people in poor countries. Decisions and declarations of the WARC are not binding on its member churches, but

¹ Die menings in hierdie artikel weerspieël nie noodwendig die menings van die Reserwebank of die Universiteit van Pretoria nie. Volledige kommentaar van twee anonieme keurders word met dank erken en is ter verbetering van die artikel gebruik.

members are encouraged to support such initiatives. As the WARC has six members in South Africa, the declaration will also become the subject of local debate in coming months.

In terms of an economic perspective, the declaration blames globalisation and a neo-liberal world order, comprising the United States and its allies, and institutions such as the International Monetary Fund, the World Bank and the World Trade Organisation, for continued underdevelopment and poverty. This paper considers the views of the declaration on globalisation; the United States and international organisations; and the neo-liberal world order from an economic perspective. The analysis leaves no doubt that the benefits of globalisation are indeed not spread evenly between rich and poor countries. This difference between rich countries in the north and poor countries in the south has on occasion been described as a golden curtain of divide between the rich and the poor. The United States and international organisations have made mistakes that perpetuated poverty, rather than to alleviate it. Developed countries also produce externalities such as pollution that contributes to global warming with concomitant negative consequences for poor countries. However, the declaration is not balanced in as much as it does not reject dictatorships and unrepresentative governments in poor countries in the same terms as the neo-liberal world order. Unrepresentative governments are often instrumental in perpetuating poverty and underdevelopment by not permitting economic freedom, fostering property rights or supporting the rule of law.

As an alternative to current development problems and the failure of neo-liberal developmental prescriptions, the Barcelona Consensus on economic development and poverty alleviation was formulated in 2004. This consensus achieves a more balanced approach in its recommended solutions for overcoming poverty problems in developing countries than the declaration of the WARC.

The conclusion is that the responsibilities for overcoming development problems and poverty should be shared, albeit not equally, in terms of adjustments required by rich and poor countries, rather than to be regarded as a challenge facing only rich countries. Theology and ethics, rather than only economic theory, should determine the principles in terms of which economic laws are used to eradicate poverty. In this way the melting of the golden curtain will be enhanced.

KEY CONCEPTS: *Covenanting for Justice in the Economy and the Earth; democracy; globalisation; poverty; wealth; World Alliance of Reformed Churches.*

TREFWOORDE: *Accra-verklaring; armoede; demokrasie; globalisering; rykdom; Wêreldbond van Gereformeerde Kerke.*

OPSOMMING

Die artikel oorweeg sekere ekonomiese implikasies van die Accra-verklaring van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (World Alliance of Reformed Churches, wat algemeen as die WARC afgekort word) [Kyk addendum]. Die Wêreldbond, wie se ledetal uit 218 gereformeerde kerkgenootskappe in 107 lande bestaan, het die Verklaring tydens sy jaarlikse konferensie in Accra in September 2004 aanvaar. Die Wêreldbond beskou die Verklaring as 'n beroep op ryk, ontwikkelde lande, hoofsaaklik in die Noordelike halfrond, om die voordele van ekonomiese groei en ontwikkeling meer eweredig met arm inwoners van arm lande te deel. Uit 'n ekonomiese perspektief plaas die Verklaring die blaam vir voortgesette armoede op globalisering en 'n neoliberales wêreldorde, bestaande uit die Verenigde State en sy bondgenote, en instellings soos die Internasionale Monetêre Fonds, die Wêreldbank en die Wêreldhandelsorganisasie. Hierdie artikel oorweeg die Verklaring se menings oor globalisasie; die Verenigde State en internasionale organisasies; en die neoliberales wêreldorde. Die voordele van globalisasie is inderdaad nie eweredig tussen ryk en arm lande

verdeel nie. Voorts het die Verenigde State en internasionale organisasies foute gemaak wat tot voortgesette armoede gelei het, eerder as om tot die bekamping daarvan by te dra. Die Verklaring is egter ongebalanseer in soverre dit nie ook onderdrukkende regerings en diktatorskappe in dieselfde terme as die neoliberale wêreldorde verwerp nie. Die gevolgtrekking is dat die verantwoordelikheid vir armoedebekamping, hoewel nie eweredig nie, deur ryk en arm lande gedeel moet word, eerder as om dit uitsluitlik as 'n uitdaging voor die deur van ryk lande te lê.

1. INLEIDING

Hierdie artikel beskou sekere ekonomiese aspekte van die Accra-verklaring (*Covenanting for Justice in the Economy and the Earth*) van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (*World Alliance of Reformed Churches, abbreviated as WARC*).² In die literatuur is daar verskillende definisies vir die studieveld ekonomie. Volgens Parkin (2000:2) se definisie vir ekonomie is dit "... the social science that studies the choices that individuals, businesses, governments and entire societies make as they cope with scarcity". Samuelson en Nordhaus (2001:4) omskryf ekonomie as "... the study of how societies use scarce resources to produce valuable commodities and distribute them among different people". 'n Verdere definisie vir ekonomie is "... the social science that studies how individuals, firms, governments and other organizations make choices, and how those choices determine the way the resources of society are used" (Stiglitz 1997:A6). Die basiese elemente van hierdie definisies is skaarsheid, gedrag, keuses en die bevrediging van behoeftes. Mohr en Fourie (2004:5) gee 11 definisies van ekonomie wat die beginsels van skaars bronne, keuses oor die aanwending van daardie bronne, gedrag en behoeftebevrediging bevestig.

'n Ekonomiese stelsel funksioneer net in die mate waarin bevredigende antwoorde op die vrae (i) wat geproduseer word – die produksievraagstuk (byvoorbeeld wapens of kos; goedere of dienste); (ii) hoe dit geproduseer word – die allokasievraagstuk (byvoorbeeld arbeids- of kapitaalintensief); en (iii) vir wie dit geproduseer word – die distribusievraagstuk (byvoorbeeld die owerheid of individue as die verbruikers en die wyse waarop toekenning vir verbruik plaasvind) verskaf word (Mohr & Fourie 2004:20-29). Antwoorde op hierdie vrae is "... a means of providing and transmitting information so as to co-ordinate the economic activities of the great number of participants in an economy" (Mohr & Fourie 2004:31). Die bekendste praktiese toepassing hiervan is 'n markeconomie of 'n sentraal-bepaalde ekonomie.

Die implikasie van hierdie definisie is dat teologie in die wyer konteks, net soos enige ander sosiale bedrywigheid, binne die beperking van die ekonomie staan – skaars hulpbronne ter beoefening van die teologie is onderworpe aan keuses om die grootste voordeel vir die gemeenskap te verseker. Maar soos alle aspekte uit 'n ekonomiese perspektief beskou kan word, moet die ekonomie as vakwetenskap natuurlik ook basiese bestaanswaarhede erken, byvoorbeeld die bestaan van geloof, hoop, liefde en mededeelsaamheid – aspekte wat met die eerste oogopslag nie noodwendig onmiddellik as ekonomiese waarhede in terme van die definisies van die ekonomie verklaar kan word nie. In hierdie verband verklaar Fourie (1994:61) dat "(e)verything simply cannot be explained in terms of market relations". Die implikasie is duidelik: die gemeenskap is groter as bloot die ekonomiese samehang daarvan, en sluit ook nie-ekonomiese aspekte soos mededeelsaamheid in.

² Opregte dank aan dr. Ben du Toit, prof. Etienne de Villiers en prof. Malan Nel vir nuttige besprekings en aanvangsgesprekke om hierdie artikel te struktureer.

Binne die konteks van die Accra-verklaring het mededeelsaamheid besondere waarde: die beroep van die Verklaring is in die eerste plek op groter mededeelsaamheid tussen ryk³ en arm lande tot voordeel van die arm inwoners in laasgenoemde lande. Terwyl 'n regering begroot vir uitgawes wat nodig is om sy openbare pligte na te kom en belastings hef om dit te bekostig, funksioneer die teologie op die vlak van mededeelsaamheid: mededeelsame bydraes op 'n vrywillige grondslag stel hulpbronne beskikbaar om 'n teologiese stempel op die gemeenskap af te druk.

Die tweede afdeling van hierdie artikel gee 'n oorsig van die Wêreldbond en 'n kort agtergrond oor die ontstaan van die Verklaring. In afdeling drie word sekere van die Verklaring se ekonomiese uitsprake oorweeg. 'n Ekonomiese alternatief vir die neoliberale wêreldorde word in die vierde afdeling bespreek. Die gevolgtrekkings volg in die vyfde afdeling. Die Verklaring is as addendum 1 bygevoeg. Toestemming is van die Wêreldbond verkry om die Verklaring in sy geheel te publiseer, wat met dank erken word.

2. DIE WÊRELDBOND VAN GEREFORMEERDE KERKE

Die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke word omskryf as:

... a fellowship of 75 million Reformed Christians in 218 churches in 107 countries. Its member churches are Congregational, Presbyterian, Reformed and United churches with roots in the 16th-century Reformation led by John Calvin, John Knox and others. WARC has a small secretariat in Geneva, Switzerland (Official website of the World Alliance of Reformed Churches S.a.).

Die oogmerke van die Wêreldbond is:

... to strengthen the unity and witness of Reformed churches, to interpret and reinterpret the Reformed tradition, to work for peace, economic and social justice, human rights, and the integrity of the environment, to promote fully inclusive community, and to further dialogue with other Christian communions and other religions (World Alliance of Reformed Churches S.a.).

Tabel 1 toon die geografiese verspreiding van kerkgenootskappe met lidmaatskap van die Wêreldbond. Volgens die Wêreldbond is die ses lede in Suid-Afrika die "... Peoples Church of Africa, Dutch Reformed Church, Uniting Reformed Church in Southern Africa, Reformed Church in Africa (India), Reformed Church in Southern Africa, Reformed Presbyterian Church in Southern Africa and United Congregational Church of Southern Africa" (World Alliance of Reformed Churches S.a.).

Die Wêreldbond het in 1982 in Ottawa apartheid in Suid-Afrika tot 'n sonde verklaar en ook verklaar dat enige teologiese regverdiging vir apartheid 'n dwaalleer is (World Alliance of Reformed Churches S.a.). Op daardie tydstip was die onmiddellike impak van die besluit op Suid-Afrika en selfs op sekere kerkgenootskappe binne Suid-Afrika met lidmaatskap van die Bond ongelukkig egter ietwat beperk, want die Bond se Grondwet bepaal dat "(n)one of these provisions shall limit the autonomy of any member church" (World Alliance of Reformed Churches S.a.). Hierdie outonomie word deur Nyomi omskryf as "WARC decisions are made as covenantal decisions by member churches and the Executive Committee they have put in place ... many churches then go

³ In Goudzwaard (1975:1-7) is die standpunt reeds teen 1975 uit 'n teologiese perspektief gehuldig dat Westerse lande inderwaardheid die slagoffers van oorontwikkeling is en groter mededeelsaamheid met arm lande moet toon. Die Accra-verklaring is gebaseer op dieselfde beginsel van groter mededeelsaamheid deur "oorontwikkelde" ryk lande ten behoeve van arm lande.

TABEL 1: Lidmaatskapverspreiding van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke

Vasteland	Aantal kerkgenootskappe	Aantal lande met verteenwoordiging
Afrika	58	31
Asië	57	14
Europa	40	27
Karibiese eilande	8	6
Latyns Amerika	25	13
Midde Ooste	4	2
Noord Amerika	12	2
Stille Oseaan	14	12
Totaal	218	107

Bron: World Alliance of Reformed Churches.

through a process of reception where they take the WARC decision through their own decision-making structures” (Nyomi 2006:1). Verklarings of ander besluite van enige van die Bond se strukture bind lede gevolglik nie outomaties nie, maar word deur die individuele lede van die Bond vir bekragtiging oorweeg. ’n Debat is dus in Suid-Afrika nodig oor die meriete van die Accra-verklaring, ook omdat ses plaaslike kerkgenootskappe lidmaatskap van die Bond het.

Die Wêreldbond se uitvoerende komitee het in 2000 besluit dat die Bond se 24ste algemene raadsvergadering vanaf 30 Julie tot 13 Augustus 2004 in Accra sal plaasvind “... with the theme, drawn from John 10:10, *that all may have life in fullness*” (World Alliance of Reformed Churches S.a.).

Die Wêreldbond is reeds sedert die 1980s besorg oor “... the injustices inherent in the world’s economic arrangements as well as the blatant disregard for the environment” (World Alliance of Reformed Churches: 2004) en die Verklaring is teen hierdie agtergrond geformuleer. Dit het gevolg op die 23ste vergadering in Debrecen in 1997, waar lidkerke versoek is “... to engage in a common process of recognition, education and confession of faith in relation to worldwide economic injustice and environmental destruction” (World Alliance of Reformed Churches 2004) in aanloop tot die 24ste vergadering in Accra. Die volgende afdeling lig die Verklaring uit ’n ekonomiese perspektief toe.

3. EKONOMIESE PERSPEKTIEF OP DIE VERKLARING VAN ACCRA

In ooreenstemming met die titel, *Covenanting for Justice in the Economy and the Earth*, oorweeg die Verklaring ’n verskeidenheid aspekte vanuit ’n ekonomiese perspektief. Die Verklaring meld onder meer in paragraaf ses dat:

(t)he signs of the times have become more alarming and must be interpreted. The root causes of massive threats to life are above all the product of an unjust economic system defended and protected by political and military might. Economic systems are a matter of life or death.

Voorts meld die Verklaring dat “(t)he policy of unlimited growth among industrialized countries and the drive for profit of transnational corporations have plundered the earth and severely damaged the environment” (paragraaf 8). Bedford-Strohm (2006:14) gebruik treffende beeldspraak in sy beskrywing van hierdie skeiding tussen ryk en arm lande:

(a)fter the lifting of the *Iron curtain* between East and West, it is the great challenge of our time, now, to lift the *Golden curtain* which separates us in the North from the people in the South, so that gold and riches are no more a reality which divides the world but which are used to serve the whole world.

Die Verklaring identifiseer en verwerp (as vertaling vir *reject*) spesifiek drie ekonomiese aspekte, wat in hierdie artikel oorweeg word. Hierdie probleme is die ekonomiese gevolge van die optrede van sekere lande (die Verenigde State van Amerika (VSA) en sy bondgenote word spesifiek uitgesonder) en internasionale finansiële en handelsorganisasies; globalisering; en die neoliberale wêreldorde.

In die oorweging van hierdie drie aspekte is die vraag of 'n gereformeerde Christelike geloofsoortuiging as 'n riglyn kan geld in ontwikkelde en ontwikkelende lande wat nie 'n Christelike (en dan spesifiek 'n gereformeerde) geloofsgrondslag het nie, natuurlik ook belangrik, want sekere arm lande volg nie die Christelike geloof nie. Die beredenering van hierdie vraag val buite die konteks van hierdie artikel, maar in die gees van Christelike medebestaan kan die oogmerk van die Verklaring sekerlik nie net die verbetering van die lewens van gereformeerde Christene wees nie? Selfs die regering van 'n Christelike staat regeer oor Christene en nie-Christene en so 'n owerheid moet die belange van alle inwoners van die betrokke land in 'n publieke orde van geregtigheid saamsnoer.

Die VSA en internasionale organisasies

Die Verklaring neem baie sterk standpunt in teenoor die VSA en sy bondgenote, asook die Internasionale Monetêre Fonds (die IMF), die Wêreldbank en die Wêreldhandelsorganisasie (WTO – *World Trade Organisation*). Dit val grootliks buite die oogmerke van hierdie kommentaar om die rol of posisie van die VSA in die internasionale ekonomie of politiek volledig te bespreek, maar die regering van daardie land gebruik wel militêre ingryping buite sy grense tot eie ekonomiese voordeel (kyk byvoorbeeld Grossman S.a.). Friedman (1999) beskryf die samewerking tussen verskillende belange in die VSA ter bereiking van ekonomiese oogmerke as een waar:

(t)he hidden hand of the market will never work without a hidden fist – McDonalds cannot flourish without McDonnell-Douglas, the designer of the F-15. And the hidden fist that keeps the world safe for Silicon Valley's technologies is called the US Army, Air Force, Navy and Marine Corps.

Die VSA ondersteun soms korrupte regerings in armer lande tot sy eie voordeel. Keeler (2002) sê “(w)e need to remember that the United States has helped to develop state-sponsored terrorism in Latin America by training its armies”, terwyl Hayajneh (2004) verwys na die VSA se “... classical policy of supporting the governing regimes that has been serving US interests” en die feit dat “... (t)he US foreign policy has been over the past decades supportive of dictators ...”.

Die VSA en sy bondgenote kan hierdie mag slegs uitoefen en behou tot nadeel van die inwoners van arm lande onder omstandighede waar regerings nie verantwoording aan hul kiesers doen nie, of met militêre mag omvergewerp word. Grootskaalse uitbuiting van enige bevolking met die steun van die plaaslike regering kan net op die lange duur plaasvind as die plaaslike regering nie onderhewig is aan sensuur deur die plaaslike bevolking nie, wat verband hou met die opmerkings oor die neoliberale wêreldorde hieronder.

'n Volledige verduideliking van die rol en oormerke van die IMF en die Wêreldbank val buite die grense van hierdie kommentaar. Dit is voldoende om te meld dat lande se lidmaatskap van die

IMF en die Wêreldbank vrywillig is, terwyl grootskaalse herskikking van hierdie twee organisasies nie oornag armoede in die wêreld sal laat verdwyn nie. Dit is egter tog belangrik om ag te slaan op 'n onlangse opmerking deur die President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank (Mboweni 2006:6):

(t)here is little doubt that international organisations such as the IMF should become more accountable to their membership regarding their operations. It is my strong view that the financing of any organisation has an important bearing on its accountability and transparency.

As hierdie oogmerk bereik word, sal dit 'n bydrae lewer tot beter begrip vir die rol van internasionale organisasies soos die IMF en die Wêreldbank onder arm lande, en hul vermoëns om verandering te bewerkstellig. Dit sal ook die verwagtinge van arm lande temper oor die bydrae wat hierdie organisasies in die bekamping van armoede kan lewer. Die voorskrifte van die IMF en die Wêreldbank aan arm lande, wat tans in die dampkring van die Washington Konsensus staan, kan egter in die lig van die Barcelona Konsensus getemper word – soos hieronder verduidelik word. Die posisie van die WTO verskil wel van dié van die IMF, die Wêreldbank en die VSA. Volgens die WTO se webbladsy is dit:

... the only global international organisation dealing with the rules of trade between nations. At its heart are the WTO agreements, negotiated and signed by the bulk of the world's trading nations and ratified in their parliaments. The goal is to help producers of goods and services, exporters and importers conduct their business (World Trade Organisation S.a.).

Wolf (2006:12) is van mening dat “(t)he WTO is no mere talking shop. It is far more potent than that ... (and offers) ... an outstanding example of successful global co-operation”. Die WTO se oogmerk is primêr die bevordering van vryer wêreldhandel, wat ook aspekte dek soos “... insurance of market access, promotion of fair competition, and encouragement of economic development and economic reform” (Mohr & Fourie 2004:433). Die WTO “... replaced the GATT (General Agreement on Tariffs and Trade) on 1 January 1995” (Mohr & Fourie 2004:434) en lande kan benadeel word deur internasionale handelsooreenkomste wat deur die organisasie gesanksioneer word. As ryk lande hul markte vir arbeid en produksie van arm lande oopstel, kan hierdie nadele verminder of selfs verwyder word. Onwilligheid om dit te doen, het tot die mislukking van die Doha-onderhandelinge gelei, soos hieronder verduidelik word.

Lande kan egter ook deur hul lidmaatskap van die WTO bevoordeel word. Seymore (2004:75) kom tot die gevolgtrekking dat “... South Africa should realise the importance of ... (membership of) ... the WTO and treasure it, for it can be a strong contributor to increased welfare in the country”. Hierdie voordele van lidmaatskap word bevestig deur die gevolgtrekking van Zheng (2003:49) wat sê dat “... the growth of exports is certain to have provided a great stimulus to the growth of GDP (gross domestic product) in China ...”.

Die vernaamste kritiek van arm lande op die WTO en ryk lande is dat die organisasie 'n forum skep wat arm lande forseer om hul markte vir uitvoer deur ryk lande oop te stel, maar nie op dieselfde wyse druk plaas op ryk lande om uitvoerprodukte van arm lande te aanvaar nie. Die WTO het ongelukkig nie net suksesse vir alle lande gebring nie en die vraag is of groter druk nie op ryk lande geplaas moet word om hul markte in belang van uitvoer deur arm lande te liberaliseer nie.

Soos in die geval van die IMF en die Wêreldbank, sal grootskaalse herskikking of selfs die sluiting van die WTO egter nie armoede in die wêreld oornag laat verdwyn nie.

Globalisering

Groeiende globalisering kan voordele vir baie lande van die wêreld bring. Mohr en Fourie (2004:418) meld dat "... globalisation can expand opportunities for people and reduce poverty". Die teendeel is egter ook waar, soos opgesom deur Bedford-Strohm (2006:1):

(w)hile defenders of the global liberalization of markets see it – sometimes with almost religious overtones – as the key concept for creating worldwide prosperity for everyone, the fundamental critics of globalization see it as the very cause of growing poverty and an increasing disparity between the rich and the poor. For them, globalization merely strengthens the power of the economically strong nations and implies a growing political influence of transnational corporations which control policies and economic behavior.

In 'n poging om die voordele wat uit globalisering voortspruit meer eweredig te verdeel, het die WTO die Doha-onderhandelinge van stapel gestuur, wat onlangs misluk het. Die mislukking kan onder meer toegeskryf word aan "... inadequate offers ... (by rich countries) ... to make significant cuts in domestic support in agriculture" (World Trade Organization S.a.). 'n Gebrek aan ooreenstemming tussen Australië, Brasilië, die Europese Unie, Indië, Japan en die VSA oor vrye internasionale handel in landbouprodukte en 'n onwilligheid om regeringshulp aan plaaslike boere in ryk lande te beperk, het tot die mislukking bygedra (Lamy 2006).

Arm lande is ook skuldig aan handelsbeperkings. Harford (2006:179) wys byvoorbeeld uit dat arm lande dikwels toerisme wegwys, of baie hoë invoertariewe gebruik om inkomste vir die regering te voorsien (Harford 2006:202). Hoewel meer by wyse van opoffering van die ryk lande verwag kan word, sal arm lande ook sekere van hul praktyke moet hersien om die oogmerke van die WTO te bereik.

Globalisering lei dus tot vrye internasionale kapitaalinvesterings, maar beperkende praktyke, spesifiek in ryker lande wat daarop gemik is om die belange van hul werkers te beskerm, beperk toegang vir arbeid en produkte uit armer lande. Dit lei tot 'n ongelyke verdeling van die voordele van globalisering tussen ryker en armer lande en die oproep van die Verklaring om hierdie ongelykheid te verwyder, moet dus ernstig deur ryker lande oorweeg word in die soeke na 'n oplossing vir armoede.

'n Verdere probleem van globalisering is eksternaliteite⁴, wat beskryf kan word as 'n "... phenomenon that arises when an individual or firm takes an action but does not bear all the costs ..." (Stiglitz 1997:A7; kyk ook Mohr & Fourie 2004:228). Ten opsigte van die wyer gebruik van die term, meld Stiglitz (1997:508) ook die bestaan van wêreldwye eksternaliteite (kyk ook Samuelson & Nordhaus 2001:372). Ryk lande dra deur lugbesoedeling by tot aardverwarming, wat alle lande en mense, maar spesifiek boere in arm lande, benadeel (kyk byvoorbeeld Goudzwaard 1975:88). Ryk lande kan hul impak op die omgewing verminder deur belastings te gebruik om vervaardigers te dwing om hul eksterne kostes te bekamp, wat produsente in arm lande tot voordeel sal strek.

Neoliberale wêreldorde

Volgens die Verklaring het 'n neoliberale wêreldorde ontstaan wat slegs een ideologiese benadering tot die oplossing van ekonomiese vraagstukke aanvaar en geen ruimte vir alternatiewe denk- of beleidsrigtings laat nie. Hoewel die Verklaring stelsels van totale ekonomiese beplanning verwerp,

⁵ Eksternaliteite kan beskryf word as 'n ekonomiese gevolg (positief of negatief) wat nie in 'n markprys verreken word nie, byvoorbeeld besoedeling.

word die oorsaak van die huidige skewe welvaartverdeling aan hierdie neoliberale wêreldorde toegeskryf. Die Verklaring verwerp by name enige "... economic, political and military empire which subverts God's sovereignty over life and acts contrary to God's just rule", en omskryf "empire" in paragraaf 11 as "... the coming together of economic, cultural, political and military power that constitutes a system of domination led by powerful nations to protect and defend their own interests".

Dit is opvallend dat diktature of ander politieke onderdrukking of misbruik van politieke mag nie by naam verwerp nie. In die belang van 'n gebalanseerde perspektief moet alle ekonomiese redes vir die voortsetting van armoede en ongelykheid met dieselfde energie as neoliberalisme (en per implikasie saam daarmee materialisme) verwerp word. Volgens Hogendorn (1987:486-487) is diktatorskappe en ander vorms van onvertegenwoordigende regering 'n ernstige belemmering op ekonomiese ontwikkeling en die verligting van armoede want enige vorm van ekonomiese en politieke oorheersing lei tot groter armoede en ongelykheid tussen lande en hul inwoners. Sen (1999:13), wenner van die Nobelprys vir Ekonomie in 1998, wys daarop dat:

... the protective role of democracy may be particularly important for the poor. This obviously applies to potential famine victims who face starvation. It also applies to the destitute thrown off the economic ladder in a financial crisis. People in economic need also need a political voice. Democracy is not a luxury that can await the arrival of general prosperity.

Elahi en Danopolous (2004:10) sê dat ekonomiese ontwikkeling in niekommunistiese lande deur privaat individue gedra word, juis omdat hulle die land se ekonomiese bronne besit met die gevolg dat "... if the system of capitalism works well, a country that pursues a democratic system of governance cannot continue to remain poor for long" (Elahi & Danopolous 2004:9). Voorts is demokrasie "... the only system of governance of the non-communist state that can guarantee peaceful and long term functioning of the capitalist economy" (Elahi & Danopolous 2004:10). Die markgerigte (of kapitalistiese) stelsel is dus verweef met demokrasie, en die sukses van hierdie kombinasie lê in verantwoordelike regering en die aanmoediging van individue tot groter prestasie. Voorts waarborg demokrasie ook privaat eiendomsreg en 'n regstaat ("a constitutional state under the rule of law") – twee aspekte wat dikwels in onderdrukkende politieke stelsels afwesig is.

Harford bespreek volgehoue armoede in besonderhede, met Kameroen as voorbeeld, waar die gemiddelde inwoner "... eight times poorer than the average citizen of the world, and almost fifty times poorer than the typical American" (Harford 2006:179) is, en maak die samevattende gevolgtrekking dat "... kleptocracy at the top stunts the growth of poor countries" (Harford 2006:200). Hierdie opmerking hou verband met die finansiële posisie van sekere leiers. Met die Accra-verklaring vorder ons nie met 'n antwoord op die vraag oor hoe dit moontlik is dat sekere van die armste lande in die wêreld terselfdertyd ook die rykste regeerders het nie. Die persoonlike welvaart van mnr. Fidel Castro, President van Kuba, is teen 2005 op sowat R6,5 miljard (VS\$ 90 miljoen) geraam, terwyl die gewone Kubaan slegs sowat R108 (VS\$ 15) per maand verdien het (Smith 2006:5). Die standpunte van die President van die Demokratiese Republiek van die Kongo, mnr. Joseph Kabila, oor die foute van mnr. Mobutu Sese Seku, 'n vorige diktator van die land wie se bewind in 1997 tot 'n val gebring is, is ook in hierdie konteks insiggewend. Mnr. Kabila som die probleme van 'n diktatuur op as:

(f)irst of all, don't silence democracy ... Two, never ever take, never ever believe, never ever try to believe that the nation belongs to you. You belong to the nation. And everything else belongs to the people. And three, always know when you have to quit (*Financial Times* 2006:W3).

Alle onverantwoordelike stelsels van regering wat nie poog om ekonomiese voordeel meer eweredig tussen alle groepe en inwoners in die betrokke land te verdeel nie en deur hul optrede armoede en skewe inkomeverdeling groter, eerder as kleiner maak, moet met dieselfde energie verwerp word om te vorder na 'n meer eweredige welvaartsverdeling (kyk byvoorbeeld Goudzwaard 1975:83, 84).

'n Alternatief tot die bestaande neoliberale wêreldorde wat van die benadering in die Verklaring verskil, word in die volgende afdeling bespreek.

4. 'N ALTERNATIEWE EKONOMIESE WÊRELDORDE

Ongelyke voordele en gevolge van die bestaande ekonomiese wêreldorde is tans die onderwerp van debat in fora baie wyer as net die WARC en die Accra-verklaring. Die huidige ekonomiese struktuur van die neoliberale wêreldorde is gebaseer op die Washington Konsensus, wat omskryf kan word as:

